

Ons as Christene kan dikwels Bybelse waarhede hanteer soos wat 'n mens oulike plasinge op Facebook hanteer. Jy "like" dit, en gaan aan met jou lewe! 'n Rukkie nadat jy iets (een of ander algemene waarheid) op Facebook "ge-like" het wat jy juis behoort te onthou en toepas, het jy dit (gewoonlik) vergeet.

'n Week gelede het ons die opstanding van Jesus Christus uit die dood "ge-like." Intussen het ons aangegaan met die lewe (wat natuurlik nie verkeerd is nie). Die vraag is of die viering daarvan enigsins ons uitkyk op die lewe verander het? Het dit enige aanpassing in ons blik op die lewe in ons huidige omstandighede gebring? Daar is daagliks baie sake wat gelowiges se aandag verg wat maak dat ons gou-gou (soos met Facebook) die vreugde en verwondering van opstanding van Jesus Christus vergeet.

**Skriflesing:** 1 Pet 1: 1-9

**Tema:** God is met ons oppad

Jy kan dalk reageer dat dit maklik is om te sê dat God met ons oppad is wanneer dit goedgaan. Maar dit is nie so maklik omdat te sê wanneer ons krisisse en swaarkry beleef nie.

Petrus het swaarkry geken. Hy het die brief van 1 Petrus so ongeveer 65 na Christus geskryf. Dit was kort voor Hy, volgens buite Bybelse bronne, as Christen martelaar dood is. Hy is gekruisig onder die wrede keiser Nero. Volgens oorlewering het hy gevra om onderstebo gekruisig te word omdat hy nie waardig was omsoos Jesus te sterf nie.

Petrus skryf nie hier aan Christene met wie dit goedgaan nie. Hulle is sleg behandel omdat hulle Christene is. Hulle is vervolgd en verdag gemaak.

Hulle ervaar was erge diskriminasie en verontregting van 3 kante, van die Romeinse owerheid, sommige Jode en onbekeerde huisgenote.

- Polities en ekonomies het hulle in 'n vreemde land gebly. Onthou dat evangelie in meeste gevalle heel eerste meestal deur *slawe* aangeneem is. Hulle was blootgestel aan die magmisbruik van hulle eienaars. Hulle was tweedeklas burgers. Hulle het geen regte gehad in die gebiede waar hulle gewoon het nie.
- Godsdienstig het die Christene anders geglo as die mense in hulle omgewing. Hulle is daarvoor gespot en sleg behandel.
- Die man in 'n huishouding het algehele seggenskap oor sy vrou en kinders gehad. Indien hy nie tot bekering gekom het saam met hulle nie, kon hy hulle lewens vir hulle hel gemaak het.

Hulle omstandighede was so moeilik dat die Christene gedreig het om tou op te gooi. Hulle sien nie langer kans vir die prys van hulle vreemdelingskap nie. Hulle is hooploos en sonder 'n toekoms.

Petrus kom gee hulle perspektief. Hy herinner vir hulle en vandag steeds vir elkeen van ons:

1. wie ons is
2. waarheen ons oppad is
3. en hoe ons reis lyk

### **Wie is ons?**

God die Vader het inisiatief geneem en ons gekies.

God skenk wedergebore, 'n tweede geestelike geboorte in sy kinders se lewens. Hy het besluit om jou sy kind te maak sonder dat jy enige iets gedoen het om dit te verdien.

Ons redding het 'n werklikheid geword 20 eeue voor ons geboorte toe Jesus vir ons gesterf en opgestaan het toe ons nog verlore sondaars was. Hy maak vir ons erfgename van sy vergifnis, verlossing en nuwe lewe sonder dat ons enige bydrae daartoe lewer.

Die Heilige Gees berei ons voor om kinders van God te wees.

Geloof is maar net die bedelaarshande wat ek uitsteek om dit alles my eie te maak.

Ons uitverkiesing en die feit dat ons wedergebore is sluit nie teëspoed, soos ontworteling uit jou land, uit nie. Ons is vreemdelinge in die wêreld. In 1 Petrus 2:11 word ons "vreemdelinge en bywoners" genoem.

As vreemdelinge en bywoners het ons nie 'n permanente adres hier op aarde nie. Ons is oppad deur hierdie wêreld, oppad hemel toe. Ons moet dit altyd onthou. Ons kan so maklik leef asof hierdie aarde ons eerste en alles is en ons raak so maklik vas aan ons aardse goed.

Ons word elke dag op so baie maniere herriner aan ons eie vreemdelingskap en verganklikheid, maar dit maak ons nie moedeloos of ons lewens sinloos nie. Ons weet dat deur Jesus Christus ons saak met God reg is. Hy is my Vader en ek is sy kind. Ek deel nou reeds in sy redding en dit vul my met onuitspreeklike, heerlike blydskap.

Die Here het ons gekies. Hy het sy tweede geboorte in ons gewerk. En Hy is met ons as vreemdelinge en bywoners oppad:

### **Waarheen oppad?**

Ons lees in 1 Pet 1:3-4: "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. **Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.**

Daar is nie iets soos 'n hooplose Christen of kerk nie. Ons het 'n lewende seker hoop op 'n volmaakte toekoms. Ons hoop is geanker in die feit dat Jesus vir ons opgestaan het.

## **Hoe lyk ons pad?**

God is met ons oppad.

Ons lees in 1 Pet1:5 dat God nie net die erfenis vir my bewaar nie, maar ook vir my vir hierdie erfenis bewaar. My lewe is nie oorgelaat aan die een of ander noodlot of toeval nie. God bewaar my vir my erfporisie.

In Joh 10:28-29 belowe Hy: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie."

Daar gaan in ons lewens oppad na ewige lewe dinge, soos met die Christene in Petrus se tyd, gebeur wat nie vir ons lekker is nie en wat ons bedroef maak. Maar ons moet nie tou opgooi nie.

Moet nie dat beproewing jou van stryk bring nie. Daar is sin in 'n gelowe se beproewing. God is hierin met ons besig om die egtheid van ons geloof te toets sodat dit lof, heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms.

## **Afsluiting**

Ons is baiekeer langgesig mense wat mekaar herinner dat al waarvan ons kan seker wees is dat ons van niks kan seker wees nie. Die pandemie het dit net weer kon bevestig.

Maar dit is nie waar vir ons as kinders van die Here nie. Ek en jy weet wie ons is. Ons weet waarheen ons oppad is. Ons weet nie presies hoe ons lewenspad gaan lyk nie, dit gaan soms moeilik wees, maar ons weet - God is met ons oppad.

Amen